

21

SAMUEL EN DAWID God ken ons harte

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet God kyk in die eerste plek na die innerlike en nie na die uiterlike nie.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- hoe Dawid gekies is om koning te word.
- dat God alles van ons weet en elkeen van ons ken.
- ons behoort nie mense volgens hul uiterlike te oordeel nie.

Gesindheid

Die kinders moet –

- dankbaar wees dat God alles van ons weet en elkeen van ons ken.
- bereid wees om te doen wat die Here vra.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om te kan onderskei tussen die uiterlike en die innerlike.

MEER INLIGTING (1 Samuel 16: 1-13)

Saul was die eerste koning van Israel. Hy het die Here baie teleurgestel. Hy het nie namens die Here geregeer nie, en nie alles gedoen wat die Here van hom gevra het nie. Daarom het die Here aan Samuel opdrag gegee om 'n nuwe koning in die plek van Saul te salf. Die Here stuur Samuel toe na Isai se huis toe. Anders as die Here, wat mense se gesindheid ken, het Samuel net na die uiterlike voorkoms van Isai se kinders gekyk. Hy maak die fout om te dink dat God mense kies om sy werk te doen net op grond van hoe hulle lyk. Sewe van Isai se seuns loop by Samuel verby. Die Here was nie met een van hulle tevrede nie. Hy kies die agtste een, die jongste, wat in die veld skape opgepas het. Dit was Dawid. Hy sou Israel se nuwe koning word. Al was hy baie jonk, sou hy 'n goeie koning wees.

Die Here ken elkeen van ons innerlik en uiterlik. Die belangrikste eienskappe wat Hy by ons wil sien, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, nederigheid, getrouheid, goedhartigheid en selfbeheersing. Ons behoort ook dieselfde dinge as die Here by mense te soek. Ons moenie kyk hoe hulle lyk of hoe ryk hulle is of watter groot sportreuse hulle is nie. Ons moet kyk of hulle die Here gehoorsaam, of hulle Hom en ander mense liefhet, of daar vreugde in hul lewens is, of hulle geduldig met ander mense is, hoe vriendelik hulle is, of hulle nederig is, of hulle pligsgetrou hul werk doen, of hulle goedhartig is teenoor mense wat swaarkry, en of hulle selfbeheersing kan toepas.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Een A5-papier vir elke kind.
- 'n Skêr.
- Rooi kleurkryt.
- 'n Pen.
- 'n Lys vrae wat jy opgestel het oor Lesse 18-21.

KOM ONS BEGIN

Open met Psalm 139: 1-6 en 23-24 as gebed.

Here, U sien dwarsdeur my, U ken my. ² Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom. ³ Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend. ⁴ Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees. ⁵ U omsluit my van alle kante, U neem my in besit. ⁶ Dié wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip.

²³ *Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. ²⁴ Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad! Amen.*

Verduidelik wat *deurgrond* en *beproefde* beteken. (*Deurgrond* beteken om deeglik te kyk wat binne my aangaan of wat my gesindheid is. *Beproefde* beteken om te weet dat iets al oor en oor getoets is en dat dit werk.)

HET HULLE ONTHOU?

- Laat enkele kinders vertel wat hul gesin se onderneming is oor wat hulle as gesin voortaan op Sondag gaan doen.
- Vind uit wie dit op die tabel ingevul het en waar hulle dit in die huis neergesit het om hulle voortdurend aan hul onderneming te herinner.
- Kontroleer of hulle Markus 2: 27 ken: *Jesus het verder vir hulle gesê: "Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie."*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Lees 1 Samuel 16: 1-13.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING en vertel nou die geskiedenis van Samuel en Dawid.

IETS BELANGRIK

- Beklemtoon weer die volgende:
 - Saul was nie 'n goeie koning nie.
 - Die Here stuur toe vir Samuel om in Isai se huis 'n ander koning te gaan salf.
 - Die Here het Samuel gelei om die regte koning te kies.
 - Toe Samuel in Betlehem kom, het hy Isai en sy seuns na 'n offergeleentheid genooi.
 - Samuel wou 'n koning volgens sy uiterlike voorkoms kies – die Here het anders besluit.
 - Dawid, die jongste, wat die skape opgepas het, is toe uiteindelik gesalf as koning.
 - Ons word dikwels beïndruk deur mense se uiterlike – skoonheid, voorkoms, rykdom, ensovoorts.
 - Die Here wil hê dat die innerlike vir ons belangriker as die uiterlike moet wees.
 - Ons innerlike eienskappe soos liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, nederigheid, getrouheid, goedhartigheid en selfbeheersing maak ons en ander mense baie gelukkiger as mooi liggame en ander uiterlike goed.
 - Jesus se aardse ouers, Maria en Josef, was ook maar net gewone mense, maar God het hulle gekies om Jesus se ouers te wees.
- Hoe lyk jou innerlike? Onthou, God die Heilige Gees deel al die goeie innerlike eienskappe vir ons uit. Kom ons gebruik dit om mekaar te dien.
- Kom ons lees weer 1 Samuel 16: 7 saam:

Maar Hy sê vir Samuel: “Moenie na sy voorkoms of sy buitengewone lengte kyk nie, want Ek het hom nie gekies nie. Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here kyk na die innerlike.”

IETS OM TE DOEN

- Gee vir elke kind 'n A5-papier.
- Laat hulle –
 - die papier in die helfte vou.
 - aan die toe kant begin en 'n halwe hart op daardie helfte van die vel teken.
 - dit uitknip en die papier oopvou.
 - die hart helderrooi inkleur.
 - daarop skryf watter eienskappe vir die Here belangrik is.
 - dit mooi versier en in hul boeke plak.

Alternatiewe aktiwiteit:

Lees 1 Samuel 16: 16-23. Laat hulle die regte woorde by die oop spasies invul en die tabel voltooi:

1. Saul is deur 'n bese geses ontstel. (*koning – 16: 16*)
2. Saul het rustig geword as Dawid op die gespeel het. (*lier – 16: 23*)
3. was Isai se seun. (*Dawid – 16: 19*)
4. het vir koning Saul 'n geskenk van brood, wyn en 'n bokkie gestuur. (*Isai – 16: 20*)
5. Dawid het sy pa se opgepas. (*kleinvee – 16: 19*)

¹ K	O	N	I	N	G						
² L	I	E	R								
³ D	A	W	I					D			
⁴ I	S	A	I								
⁵ K	L	E	I								N

BY DIE HUIS

Doen

Die kinders moet by die huis Galasiërs 5: 22 in die Bybel opsoek en die vrugte van die Heilige Gees neerskryf. Hulle moet 'n boom met nege vrugte in hul boeke teken, en elke vrug se naam op die vrug neerskryf. Hulle moet die prent inkleur, en probeer om die vrugte se name uit hul koppe te onthou. Sondag moet hulle die mooi prent vir hul maats in die klas kom wys.

Leer

Laat hulle die volgende hersieningswerk uit Lesse 18-21 gaan leer. Hulle gaan by Les 23 in spanverband vraestelle beantwoord. Die beste span kry 'n prys.

- Simson se pa was Manoag.
- Simson was sy lewe lank gewy aan die Here.
- Die teken daarvan was dat hy nie sy hare mag sny nie.
- Simson het sy krag verloor toe hy sy belofte aan die Here verbreek het en Delila sy hare laat afsny het.
- God stuur Jona na Nineve.

- God wil hê die mense van Nineve moet ophou met die slegte dinge.
- Jona wou nie gaan nie en kruip in 'n skip vir God weg.
- 'n Hewige storm tref die skip.
- Die bemanning gooi Jona oorboord toe hulle agterkom dat die storm sy skuld is.
- 'n Vis sluk Jona in en spoeg hom naby Nineve op die grond uit.
- Ons moet gehoorsaam aan God wees, want ons kan nie vir Hom wegkruip nie.
- Die Here sien om na alle mense, selfs dié wat Hom nie ken nie.
- Die vierde gebod herinner ons dat die Here self gerus het nadat Hy ses dae lank gewerk het.
- God se bedoeling met die sabbatdag was dat sy volk –
 - ook kon rus; en
 - kon onthou dat Hy hulle gered het.
- Die Jode het die sabbatdag met soveel reëls gelaai dat dit vir mense 'n las geword het.
- Jesus het geleer dat die sabbatdag nie vir die mens 'n las moes wees nie.
- Dit moes 'n dag wees wat gebruik word om –
 - te rus;
 - God te dien en die verlossing wat Hy gee, te vier; en
 - medemense te help.
- Daarom het Jesus op die sabbatdag –
 - tempel toe gegaan.
 - mense gesond gemaak.
 - saam met sy dissipels gaan ontspan.
- Saterdag is die sewende dag – die sabbatdag van die Jode.
- Ons aanbid op Sondag in plaas van Saterdag, want –
 - Jesus is op die eerste dag van die week uit die dood opgewek, en
 - van toe af is Sondag, die eerste dag, afgesonder om ons verlossing te vier.
- In die voetspore van Jesus gaan ons op Sondag –
 - eredienste en kategetiese bywoon.
 - siekes wat ons ken, besoek en dankoffers gee om mense met probleme te help.
 - rus deur te ontspan op watter manier ook al.
- Samuel moes een van Isai se seuns as die nuwe koning gaan salf.
- As God 'n koning kies, is die persoon se innerlike vir Hom die belangrikste.
- Dawid het 'n lier as instrument bespeel.
- Saul was nie 'n goeie koning nie.
- Die Here het Samuel gelei om die regte koning te kies.
- Toe Samuel in Betlehem kom, het hy Isai en sy seuns na 'n offergeleentheid genooi.
- Samuel wou 'n koning volgens sy uiterlike voorkoms kies – die Here het anders besluit.
- Dawid, die jongste, wat die skape opgepas het, is toe uiteindelik gesalf as koning.
- Ons word dikwels beïndruk deur mense se uiterlike, soos skoonheid, voorkoms, rykdom, ensovoorts.
- Die Here wil hê dat die innerlike vir ons belangriker as die uiterlike moet wees.
- Ons innerlike eienskappe soos liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, nederigheid, getrouheid, goedhartigheid en selfbeheersing maak ons en ander mense baie gelukkiger as mooi liggame en ander uiterlike goed.
- Jesus se aardse ouers, Maria en Josef, was ook maar net gewone mense, maar God het hulle gekies om Jesus se ouers te wees.

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 200: 1 as gebed.

*U goedheid, Heer, kan ons nie peil nie –
wie word daardeur nie diep getref!*

*Niks anders bring vir ons die heil nie –
ons wil ons hart tot U verhef.*

Aan U alleen ons dank en ere –

U wat ons in u liefde lei.

U sal ons nooit vergeet nie, Here –

U wil ons in u waarheid lei.

Amen.

Belangrik: Reël met die koster en orrelis vir volgende Sondag se les. (Sien IETS OM TE DOEN by die volgende les.) .